FEBRUARIE

Woensdag 1 Februarie 2012
Verantwoordbare Intersessie: Die blywende teenwoordigheid
…en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou, Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld (Matt.28:20). Toe Jesus Sy dissipels vertel het dat Hy hulle verlaat om na die Vader te gaan, was hulle harte baie seer. Jesus Christus het vir hulle die belofte van die Heilige Gees gegee met die versekering dat hulle dan vir Hom in Sy hemelse teenwoordigheid by hulle sou hê, in sekere opsigte baie dieper en baie nader as wat hulle dit ooit kon hê terwyl Hy op die aarde was. Terwyl ons so besig is, ondervind ons, omdat ons 'n lewende geloof in Jesus het, 'n voortdurende bewus wees van die blywende teenwoordigheid van die Here. Sodra Sy teenwoordigheid vervaag, word ons werk 'n menslike poging wat ontbreek aan die varsheid van die krag van die hemelse lewe. Kyk na jou eie lewe vandag. Laat jy die Heilige Gees toe om Sy planne vir jou dag aan jou te vertel? Of vra jy Hom slegs om met jou saam te werk vir dit wat jy beplan het? Maak dit reg voor die Here. Vra Hom om met jou te praat oor Sy planne vir elke dag. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Fokus op Verootmoediging: Nasionale Dag van Verootmoediging oor aborsie in SA
Op 1 Februarie 1997 is aborsie op aanvraag in Suid-Afrika gewettig. Hierdie jaar is dus die 15e herdenking van die wetgewing vir aborsie op aanvraag in Suid-Afrika. Een van die doelstellings van hierdie dag van verootmoediging is om pastore en predikante in Suid-Afrika aan te moedig om te preek oor dit wat die Bybel oor aborsie leer. Ons hoop ook dat baie Christene 1 Februarie as 'n Nasionale Dag van Verootmoediging vir die nasionale sonde van aborsie sal beskou. Wil jy dit nie oorweeg om jou gemeente te mobiliseer om oor hierdie saak te bid hierdie Sondag nie? Minstens 1,2 miljoen babas is in dié periode geaborteer. (Africa Christian Action. Posbus 23632, Claremont, 7735. Tel.: 021 689 4481. Webruimte: www.christianaction.org.za of e-pos: info@christianaction.org.za).

Donderdag 2 Februarie 2012
Verantwoordbare Intersessie: Die almag van Christus
Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, (Matt.28:19). Voordat Christus Sy dissipels die Groot Opdrag gegee het, het Hy Homself eers in Sy goddelike krag, as medewerker van God self, aan hulle bekend gestel. Dit was die geloof hierin wat dit vir die dissipels moontlik gemaak het om die werk in alle eenvoud en vrymoedigheid aan te neem. Elke dissipel van Christus wat wil deel in die oorwinning oor hierdie wêreld, het tyd, geloof en die Heilige Gees nodig om ten volle daarvan oortuig te wees dat dit net as 'n dienaar van die Almagtige Here Jesus is, wat hy/sy, hulle deel van die werk doen. Die krag van God mag NOOIT ervaar word asof dit ons eie is nie, die mag is immers aan Christus toegewys! Christus het vir Paulus gesê: My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is (2 Kor.12:9). Neem jou wandel met die Here in oënskou. Wanneer jy getuig: Hoeveel klem lê jy op die krag van God in jou en wat jy vir die Here doen? Of, beklemtoon jy eerder die Man Jesus Christus en die werk wat Hy jou as Sy medewerker gee om te doen? Herstel jou wandel voor die Here. Vra Hom om jou te help om HOM opnuut weer die middelpunt van jou bediening en getuienis te maak. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Depressie**: Bid vir vreugde in die harte en lewens van gelowiges en dat die Here hulle blywend van depressie, moedeloosheid en gedagtes van selfmoord sal verlos.

Vrydag 3 Februarie 2012
Fokus op kinders

Ongeveer 50% van Suid-Afrikaanse kinders onder die ouderdom van vyf, woon nie in dieselfde huis as hulle biologiese vader nie. Daar is 5 miljoen kinders in Suid-Afrika wat 4 jaar oud of jonger is. Hiervan gaan 29% na vroeë kinderontwikkelingsentrums (Fact a Day. Webruimte: http://www.eighty20.co.za of e-pos: info@eighty20.co.za of: fact.a.day@eighty20.co.za). Bid dat jong kinders hulle Hemelse Vader reeds van 'n vroeë ouderdom sal leer ken. Pleit vir Christen onderwysers wat die kinders van die liefde van Here Jesus sal leer. Bid vir die herstel van gesinne en 'n nuwe moraliteit waarin mense die gesin bo werk, sukses en persoonlike "vryheid" sal stel.

Pray 52: Week 23: Afghanistan / Maledive (3-9 Feb 2012)
Vra dat die Here van die oes deure sal oopmaak en meer werkers na die geslote volke sal stuur. Vra dat hulle met die Heilige Gees vervul sal wees en dat baie hulle lewens aan God, deur die Here Jesus Christus sal gee. Bid vir die kerk in Afghanistan en die Maledive Eilande, dat hulle spesiale gebedstye sal instel vir die kerk, hulle land en volk. (Kontak: pray52@supermail.co.za / inligting is ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi. Vir spesifieke inligting oor gebed vir hierdie lande, besoek: www.operationworld.org).

Saterdag 4 Februarie 2012
Gebedsfokus: Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk
Bid asseblief vandag vir elke persoon wat in die verskillende kantore van Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk reg oor die land, werk. Bid vir die wat werk aan die webruimtes, die databasisse, die finansies, artikels en die wat gebedsmateriaal skryf en seminare aanbied, briewe beantwoord, e-posse en telefoonoproepe hanteer, die wat op gebedsreise is, ens. Bid dat die Here hulle sal beskerm en vir hulle sal sorg – siel, gees en liggaam. Bid veral vir almal se kinders en huweliksmaats. Bid asseblief dat die druk en verspreiding van die volgende Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids hierdie maand glad sal verloop. Die nuwe uitgawe word binne die volgende 12 dae gepos. (Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk. Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 086 594 0565. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Fokus op Wêreldkankerdag
Kanker is een van die hoof-oorsake van sterftes wêreldwyd. Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) beraam dat 84 miljoen mense sonder behandeling tussen 2005 en 2015 aan kanker kan sterf. Elke jaar op 4 Februarie, werk die WGO saam met die International Union Against Cancer om programme te bevorder wat daarop gemik is om die globale las van kanker te verlig. (Webruimte: http://tinyurl.com3bj2e6s). Bring diegene wat jy ken wat kanker het voor die Here. Bid vir hulle en vir hulle gesinne dat hulle troos in die Here Jesus Christus sal vind. Hou aan om te bid vir permanente genesing van kanker pasiënte in die Naam van Jesus Christus.

Sondag 5 Februarie 2012
Herlewingsfokus: Hoe moet ek bid? In die diep stilte van jou gees
Net by God vind ek rus, van Hom kom my redding (Ps.62:2). Gebed vind sy krag in God alleen. Hoe nader 'n mens aan God self kom, hoe dieper verstaan en beleef hy God se wil; hoe meer hy aan God vashou hoe meer krag is daar in sy gebed. God moet Homself openbaar. As dit Hom behaag om Homself bekend te maak, kan Hy die hart bewus maak van sy teenwoordigheid. Ons moet 'n gesindheid van heilige eerbied, van stille afwagting en aanbidding hê. Namate ons maand van voorbidding vorder en jy die druk van omstandighede voel, doen moeite om net stil te wees voor God. Sodoende kry ons krag om te bid. Soms is 'n eenvoudige woordelose gebed diep in jou hart en siel genoeg. (Verwerk uit *Gesprek met God* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **'n Dieper liefde**: Pleit by die Here Jesus dat Hy gelowiges 'n dieper liefde vir die Here Jesus Christus sal gee. (1 Joh.4:1-3).

Maandag 6 Februarie 2012
Fokus op redding: Dwelmverslaafdes
Bid vandag vir mense wat jy ken wat aan dwelms, of aan enige ander middels, soos bv. alkohol, verslaaf is. Bid dat hulle elkeen 'n persoonlike openbaring van die Here Jesus Christus sal hê, dat hulle met 'n helder verstand hulle lewens in oënskou sal neem en sal besluit om hulleself aan die liefde van die Here in Jesus Christus oor te gee.

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Misleiding**: Pleit by die Here dat Hy gemeentelede sal oortuig en red wat mislei en nie wedergebore is nie. (Matt.7:21-23; 2 Kor.13:5-6). Pleit dat die Here alle lede sal oortuig wat mislei en nie waarlik gered is nie.

One Day in the Gap: Onthou om vir 'n spesifieke dag te registreer wanneer jy in die bres gaan staan vir die volk van Suid-Afrika. Registreer by pray@jwipn.com of tel.: 012 365 3213.

Dinsdag 7 Februarie 2012
Verantwoordbare Intersessie: Die alomteenwoordigheid van Jesus Christus
Die eerste gedagte oor die ware God is dat Hy almagtig is: Ek is God, die Almagtige. Die tweede is Sy alomteenwoordigheid: Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Die Almagtige is sekerlik ook die Alomteenwoordige. Die skrywer van Ps.139 is oorweldig deur hierdie gedagte: Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoog: ek kan daar nie by nie. Die gedagte word al hoe meer oorweldigend met die openbaring van die Here se alomteenwoordigheid in die mens Christus Jesus. Wanneer Christus sê "altyd", wil Hy vir ons die versekering gee dat daar nie 'n dag in ons lewens sal wees, waarin ons nie Sy teenwoordigheid sal ervaar nie. Of jy Sy teenwoordigheid aanvoel of nie is nie bepalend van of Hy daar is of nie. Sy teenwoordigheid is 'n feit. Hy is altyd met ons. Vra dat Hy die werklikheid van hierdie belofte aan jou hart, siel en gees, sal openbaar. Bely die waarheid van hierdie belofte ook aan ander. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Fokus op FEBA Radio in Franssprekende Afrika-lande
Franssprekende Afrika-lande moet vandag baie uitdagings hanteer. As gevolg van die gereelde oorloë tussen Moslems en Christene was dit tot dusver onmoontlik om stabiele gemeenskappe te vestig. Die gevolge van slawerny, kolonialisme, gebrek aan kennis oor die eenvoudigste gesondheidsake, die algemene voorkoms van heksery, uiterste armoede, gebrek aan leierskap en gierigheid, het alles 'n baie nadelige invloed op die gemeenskap. Bid dat die uitsendings van FEBA Radio tot die harte en gedagtes van die luisteraars sal deurdring en 'n ware verandering van gesindheid en dade te weeg sal bring. (FEBA Radio SA. Tel.: 012 335 5708/764. Webruimte: www.febaradio.co.za of e-pos: jpotgieter.febasa@corpdial.co.za).

Woensdag 8 Februarie 2012
Verantwoordbare Intersessie: Christus die Saligmaker
…en hulle het vir die vrou gesê: Ons glo nie meer op grond van wat jy vertel het nie, want ons het self na Hom geluister, en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is (Joh.4:42). Almag (sterkte) en alomteenwoordigheid (altyd teenwoordig) is die sogenaamde natuurlike eienskappe van die Here. Tog is Jesus ook Saligmaker, Verlosser van die hele aarde. Heb.5:8-9 sê: Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is. En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword. Hy stuur ons uit om die evangelie te verkondig en Hom aan die Wêreld bekend te stel, net soos die Vader Hom uitgestuur het om die Vader aan die wêreld bekend te maak. Nou het ons die krag van die Heilige Gees nodig om ander aan te moedig tot 'n lewe van gehoorsaamheid soos wat Christus van ons vra. Oordink jou Christelike lewe. Getuig jy van die Here se goedheid? Getuig jy in die naam van Jesus Christus?

Vra dat die Heilige Gees Sy woorde in jou mond sal sit. Weier om 'n "normale Christen" te wees, weerstaan die gemak daarvan om te bly wat jy is – getuig met vrymoedigheid en Christus sal jou naam voor die troon van Sy Vader onthou op die dag van Sy heerlikheid. (Mark.8:38). (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Fokus op die stigting van 24-7 Huise van Gebed
Bid by name vir die Here se seën op groeiende gebedswagte dat hulle stewig gevestig sal word: Nederduits Gereformeerde Kerk Rietfontein-Suid. (Kontak: Alet, e-pos: ngriet@absamail.co.za, sel.: 083 255 0414). Bid ook dat aanbidding uit die Woord, met sang en instrumente, deel sal wees van elke gebedshuis. Vra ook dat Christene die krag in aanbidding, gebed en die bevestiging van die lewegewende name van die Here, sal ontdek.

Donderdag 9 Februarie 2012
Verantwoordbare Intersessie: Christus, gekruisig
Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld (Gal.6:14). Wil jy die Here in Christus verheerlik? Die grootste heerlikheid van Christus is Sy kruis. Dit was hierin dat Christus die Vader verheerlik het en die Vader Hom verheerlik het. Toe Jesus vir Sy dissipels gesê het: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld (Matt.28:20) het Hy, as die Gekruisigde Een wat aan hulle Sy hande en Sy voete gewys het, die belofte gemaak. Elkeen wat die belofte verlang moet besef dat dit die gekruisigde Jesus is wat belowe, wat aanbied om elke dag by jou te wees. Hoe min het ons geleer, ons wat saam met Christus gekruisig is, om onsself te verloën, om Christus se gedagtes aan te neem – Hy wat die gedaante van 'n dienskneg aangeneem het en wat tot die dood aan die kruis gehoorsaam was. Christus stap elke dag saam met hulle wat in Hom gekruisig is. Kom jy agter dat Hy saam met jou loop? Vind jy dat jy as Christen gewillig sal wees om jou lewe af te lê of om die dinge wat vir jou belangrik is, om Sy ontwil, net af te lê? Vra die Heilige Gees om al die selfsugtigheid uit jou hart te verwyder, om jou te reinig sodat jy jouself heelhartig aan Hom kan toewy. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Misleiding**: Vader, ek pleit by U dat U die wat aan hierdie kerk behoort maar nie werklik verlos is nie, van sonde sal oortuig en hulle sal red en vry maak. Wees hulle genadig en red hulle! (Matt.23:27-28)

Vrydag 10 Februarie 2012
Fokus op evangelisasie
Gedurende die volgende twee maande stuur Live School twee nuwe vertalings van Live School uit. Hierdie vertalings sal help om mense op te lei in lande waar minder as 2% van die bevolking Christene is. Bid dat Live School sy pad sal vind na plekke waar nuwe gelowiges nodig het om die Woord van God te leer ken. Bid dat hierdie gelowiges, deur middel van die leerplan, die uitdaging sal aanvaar om effektiewe getuies te wees vir die wat rondom hulle is en dat deur hulle getuienisse, kerke gevestig sal word. Bid vir die veiligheid van die Live School-span wat die skole moet vestig. (Chrissie Naude. Tel.: 012 343 1165. Webruimte: www.liveschool.org of www.worldmissioncentre.com of e-pos chrissien@liveschoolsa.org).

Pray 52: Week 24: Pakistan / Mali (10-16 Feb 2012)
Bid spesifiek vir mense in invloedryke posisies wat 'n groot aanhang het, om die Here Jesus aan te neem. Vra vir hulle vir guns om baie ander te lei om hulle lewens oor te gee aan Jesus. Bid dat die kerk in Pakistan en Mali spesiale gebedstye sal reël vir die kerk, hulle land en hulle volk. (Kontak: pray52@supermail.co.za / inligting is ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi. Vir spesifieke inligting oor gebed vir hierdie lande, besoek: www.operationworld.org).

Saterdag 11 Februarie 2012
Fokus op die stigting van 24-7 Huise van Gebed
Bid by name vir die Here se seën op groeiende gebedswagte dat hulle stewig gevestig sal word: Charismatic Renewal Ministries Gebedskamer in Parow (Pastor Light Eze, sel.: 073 786 1410 of e-pos: lighteze@yahoo.com). El Shaddai Gebedskamer in Durbanville (Judy, tel.: 021 975 1983). Bid dat Christene wat hulle daartoe verbind het om huise van gebed op te rig, moed sal hou en nie hulle werk sal laat vaar of ophou om mense tot gebed op te roep nie.

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Kritiek**: Vader, reinig U kerk in SA van gekla, foutvind en eindelose argumente. Verlos ons van hierdie kritiese gees. Verlos ons daarvan om teen ander Christene te wees net omdat ons van opinie verskil.

Sondag 12 Februarie 2012
Herlewingsfokus: Wat moet ek bid? - Vir God se Gees op ongereddenes
Uit daardie selfde Egipte sal geskenke kom, en die Kussiete sal hulle hande smekend na God toe uitsteek. (Ps.68:32). Die kleinste onder hulle sal duisende word, die swakste 'n sterk nasie. Wanneer die tyd daarvoor kom, doen Ek dit. Ek is die Here. (Jes.60:22). Dink aan China met sy 1,5 miljard mense – miljoene sterf elke jaar sonder Christus. Dink aan Afrika met sy meer as 800 miljoen mense. As Christus Sy lewe vir hulle gegee het, sal jy dit nie ook doen nie? Jy kan jouself oorgee om gereeld vir hulle te bid. As jy dit nog nooit gedoen het nie, begin dan sommer vandag met 'n eenvoudige maandelikse program van voorbidding. Die tien minute wat jy daaraan wy, sal gou te min wees. Vra God om vir jou een of ander land of bevolkingsgroep te wys vir wie Hy wil hê jy moet bid. (Verwerk uit *Gesprek met God* deur Dr. Andrew Murray).

Fokus op die onbereiktes van Wes-Indië
Gujurat en Maharashtra is albei state van Wes-Indië. Verlede jaar het een spesifieke organisasie, met sowat 40 kerkplanters verdeel in 11 spanne, in Wes-Indië gewerk om sowat 70 kerke te plant. Die meeste van hierdie werkers is in Maharashtra. Bid vir baie nuwe kerkplantspanne om in Gujurat te begin en ook dat spanne wat daar werk, deurbrake en vrug op hulle arbeid sal ervaar. Vra vir vrymoedigheid om te getuig en die evangelie BAIE MEER as voorheen te deel. Bid dat die plaaslike gelowiges met oortuiging en vrymoedigheid hulle geloof sal deel, selfs al word hulle vervolg. Bid ook vir elkeen van die 6 onbereikte etniese groepe van Maharashtra en Gujurat: die Vadar, die Boeddhiste, die Matang, die Banjara, die Charan en die Maratha. (Webruimte: www.ywam.org).

Maandag 13 Februarie 2012
Fokus op redding: Vaders en gesinne
Bid vandag vir vaders wat nog hulle harte aan die Here Jesus moet gee. Vra dat Jesus Sy liefde persoonlik aan elkeen sal wys, sodat hulle hulself aan Hom sal oorgee en betroubare, getroue vaders en eggenotes sal word.

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Medewerkers**: Vader God, as die kerk in SA bid ons dat U wat die goeie werk in U kerk begin het, dit sal voleinding tot op die dag van Jesus Christus. Help ons om ander gelowiges in ons harte te dra omdat ons almal deel het aan U genade. Ons vra dat die liefde van die gelowiges al hoe meer sal toeneem in kennis en volledige onderskeiding, sodat hulle dit wat uitsonderlik is kan eien en rein en onberispelik kan wees op die dag van Christus, gevul met die vrugte van geregtigheid wat verkry word deur Jesus Christus, tot eer en verheerliking van die Here. (Fil.1:3-11).

One Day in the Gap: Onthou om 'n spesifieke dag te registreer wanneer jy in die bres gaan staan vir die volk van Suid-Afrika. Registreer by pray@jwipn.com of tel.: 012 365 3213.

Dinsdag 14 Februarie 2012

Verantwoordbare Intersessie: Die oggendwaak

Jesus het vir haar gesê: Maria! Sy draai na Hom toe en sê in Hebreeus vir Hom: Rabboeni! Dit beteken leermeester (Joh.20:16). Kan jy jou voorstel wat daardie oggendwaak vir Maria moes beteken! In haar soeke om die Christus te vind, het sy haar van alles losgemaak, selfs van die hoof van die apostels. In die stryd van vrees teen geloof, het sy nooit haar geloof in die wonderbare belofte – As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon (Joh.14:23) - laat vaar nie. Haar liefde vir die Here is beantwoord deur die liefde van Jesus vir haar. Daarom het sy Hom, die Lewende Here, in AL die krag van sy opstandingslewe, daardie oggend "gevind." Hy het haar gestuur om aan Sy broers te gaan vertel wat sy van Hom gehoor het. Dit alles het met haar gebeur in daardie eerste oggendwaak, terwyl sy gewag het dat die opgestane Here Homself moet openbaar! Daar is niks wat vir ons Here 'n groter aantrekking het as die liefde wat alles opoffer en tevrede is met niks minder as om in Hom te rus nie. Dit is aan so 'n liefde dat Christus homself bekend maak. Kyk weer na die manier waarop jy die Here se aangesig soek. Voel jy 'n verlange om by Hom te wees? Vra Hom om jou vir die oggendwaak op te wek. Vra die Heilige Gees om Christus aan jou te openbaar soos wat Hy aan Maria verskyn het. Verwag Hom tótdat Hy kom, dag na dag. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Jaarlikse dag van Reinheid: Valentynsdag

Daar is soveel mense wat vandag aan Valentynsdag aktiwiteite deelneem. Bid asseblief dat hulle harte en gedagtes met groot verwagting op die Here Jesus Christus gerig sal wees, vir Sy keuse en voorsiening van 'n lewensmaat in hulle lewens. Bid dat Christene vandag enige flirtasies, buitehuwelikse en buite-egtelike verhoudings sal laat vaar en hulle lewens opnuut aan Christus sal oorgee met reinheid en heiligheid en toewyding aan hulle eggenotes. Vandag se kultuur moedig die jeug aan om vanaf 'n jong ouderdom seksueel aktief te wees en te eksperimenteer met seksuele voorkeure. Die Dag van Reinheid gee aan diegene wat seksuele reinheid voorstaan, die geleentheid om saam te staan as opposisie teen 'n kultuur van morele verval. (Webruimte: http://www.lc.orgdayofpurity/index.cfm).

Woensdag 15 Februarie 2012

Verantwoordbare Intersessie: Die aandgebed

Hulle het egter by Hom aangedring en gesê: Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is al verby. Toe het Hy ingegaan om by hulle oor te bly. Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle. Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn (Luk.24:29-31). Soos wat ons van Maria geleer het van die openbaring van Jesus aan die siel in die oggendwaak, herinner Emmaus ons dat die aandgebed ons kan voorberei vir die volle openbaring van Christus in die siel! Toe Jesus verder wou stap het hulle by hom aangedring: "Bly by ons!" Hulle het nie geweet wie is by hulle nie, maar het uiteindelik baie meer ontvang as wat hulle verwag het. Wat was dit wat ons Here daartoe gelei het om Homself aan die twee mense te openbaar? Niks meer as hulle intense toewyding aan hulle Here nie. Daar mag onkunde en ongeloof wees, maar wanneer daar 'n brandende begeerte is wat bo alles na Hom verlang, sal Hy Homself aan ons bekend maak. Kyk na jou persoonlike verhouding met die Here Jesus. Is dit net 'n haastige stilte tyd of aandgebed – of is daar regtig 'n persoonlike verhouding? Is jy angstig om meer te weet? Of is jy tevrede met net genoeg "kos" om tot die volgende dag te oorleef, net genoeg om jou te troos om aan te gaan? Vra dat Hy jou sal opwek tot 'n aandgebed. Vra die Heilige Gees om aan jou te openbaar hoe Hy aan die Emmausgangers verskyn het. Wag vol verwagting op Hom om jou hart te laat

brand soos wat die harte van die Emmausgangers gebrand het. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Fokus op die stigting van 24-7 Huise van Gebed
Bid by name vir die Here se seën op groeiende gebedswagte dat hulle stewig gevestig sal word: Nederduits Gereformeerde Kerk Moreletapark. (Kontak: Susan, e-pos: mawico@mweb.co.za, sel.: 082 903 0095). Vra dat Christene wat hulle daaraan toewy om huise van gebed te vestig, nie moed sal verloor en nie die werk sal laat vaar of sal ophou om hierdie Boodskap te versprei nie.

Donderdag 16 Februarie 2012
Verantwoordbare Intersessie: Hoekom kon ons nie?
Die dissipels het toe alleen na Jesus toe gekom en gevra: Waarom kon ons hom nie uitdryf nie? Omdat julle geloof te klein is, sê Hy vir hulle. Dit verseker Ek julle: As julle maar geloof het so groot soos 'n mosterdsaadjie, sal julle vir hierdie berg sê: Gaan staan daar anderkant! en hy sal gaan. Niks sal vir julle onmoontlik wees nie (Matt.17:19-21). Die dissipels het dikwels duiwels uitgedryf, maar die keer was daar 'n probleem. Toe hulle Jesus vra hoekom, was Sy antwoord eenvoudig: Julle geloof is te min! Hoekom lewe ons nie in voortdurende gemeenskap met Christus nie? Oor ons ongelowig is. Met geloof aanvaar en verwag ons dat die Here, in Sy almag, elke belofte wat Hy ooit gemaak het, sal nakom. Ons gee ook nie net ons hele hart aan die Here net omdat ons glo dat Hy wonderwerke doen nie. 'n Sterk geloof in die Here ontwikkel deur in noue kontak met Hom te bly deur middel van volgehoue gebed. Dit is ook nie alleen deur gebed nie, maar ook deur vas. Selfverloëning, opoffering van die bevrediging van die vlees en aflê van die grootsheid van die lewe, word vereis, omdat hierdie dinge, in wese, deel is van die gees wat die wêreld oorheers. Volhard jy met jou gebedslewe? Volharding in gebed is nie net om die Here aanhoudend te vra vir dit wat jy van Hom verlang nie, maar ook om met volharding die Here aan Sy beloftes te herinner en Hom voortdurend te vra dat Sy koninkryk op aarde sal kom, soos wat dit in die hemel is. Vra dat Hy die wyse waarop jy met Hom praat moet verander. Vra dat Hy jou 'n mens sal maak wat in Hom glo omdat Hy Sy beloftes nakom en doen wat Hy sê. Volhard hierin met Hom tótdat jy 'n deurbraak beleef. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Oortuiging**: Here, oortuig gelowiges in die kerk in Suid-Afrika van onvergewensgesindheid en bitterheid. Laat ons nie rus tótdat ons dit aangespreek het nie. (Ef.4:30-32).

Vrydag 17 Februarie 2012
Fokus op straatkinders
Die regering het 'n nasionale strategie vir kinders wat op straat leef en werk, geloods, met die doel om die probleme van hierdie kinders aan te spreek. Die strategie fokus op die voorkoming en vroeë ingryping om risiko's te verminder en kinders wat reeds op straat is te beskerm en te herintegreer. (Webruimte: http://tinyurl.com43q2zcs). Bid vir diegene wat verantwoordelik is om die strategie te implementeer, dat hulle dit met erns en integriteit sal aanpak en dat daar geen geld verduister sal word nie. Bid vir Christene om uit te staan en van Christus te vertel wanneer hulle, as deel van hulle daaglikse werk, by hierdie projekte betrokke raak.

Pray 52: Week 25: Maleisië / Nigerië (17-23 Feb 2012)
Vra dat die Here Jesus Homself aan die leiers in die regering van hierdie lande sal openbaar. Vra dat hulle sal uitstaan as Christen getuies, dat daar op die manier baie na Jesus sal kom en dat hulle daartoe in staat sal wees om vervolging te weerstaan. Bid dat die kerk in Maleisië en Nigerië spesiale gebedstye sal reël vir die kerk, hulle land en hulle volk. (Kontak: pray52@supermail.co.za / inligting is ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi. Vir spesifieke inligting oor gebed vir hierdie lande, besoek: www.operationworld.org).

Saterdag 18 Februarie 2012
Fokus op die media
Geweld, naaktheid, lastertaal, eksplisiete seks en die promovering van afbrekende morele waardes het deel geword van TV uitsendings, onderhoude en films. Laat ons die Naam van die Here aanroep en pleit vir 'n goddelike ingrype in hierdie saak. Menslik gesproke is daar min wat gedoen kan word. God kan egter enige iets doen: Bid vir Christene om deel te word van die keuring van programme, dat hulle Bybels-Christelike waardes onbeskaamd sal uitleef en dat hulle deur die krag van die Heilige Gees hulle werk sal doen. Bid dat die Gees van God 'n weerstand in geredde en ongeredde mense se harte sal opwek. (Jes.5:19).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Voortdurend**: Wees altyddeur bly! (1 Tess.5:16). Bid sonder ophou (1 Tess.5:17). Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle (1 Tess.5:18). Hoe doen 'n mens dit? 'n Man het 'n muntstuk in sy skoen gesit en elke keer wanneer hy dit voel, vir sy kerk en pastoor gebid. Hoe jy jouself daaraan herinner is nie so belangrik nie. Wat belangrik is, is dat jy jouself daaraan herinner. Bid dat gelowiges aktief betrokke raak by voortdurende gebed.

Sondag 19 Februarie 2012
Herlewingsfokus: Hoe moet ek bid? Met afwagting
Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie (Jer.33:3). So sê die Here my God: Ek sal ook nog dit vir Israel doen in antwoord op hulle gebede: Ek sal hulle soos kleinvee laat vermeerder (Eseg.36:37). Beide tekste verwys na beloftes wat beslis gemaak is, maar hulle vervulling hang van gebed af. Dit mag vreemd voel om vir iets soos 'n ander land of sy mense te bid. God verlang dat Hy gevra moet word om dit te doen. Bid vir God se vervulling van Sy beloftes aan Sy Seun en Sy kerk en verwag Sy antwoord. Moenie moeg raak om vir ongereddes te bid nie. Herinner God aan Sy beloftes. (Verwerk uit *Gesprek met God* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Wees dankbaar**: Vader, herinner ons dat ons in alles dankbaar moet wees, want dit is U wil vir ons in Christus Jesus. Help ons om nie te vergeet om vir alles dankie te sê nie – deurlopend, openlik en voor ander. (1 Tess.5:18).

Maandag 20 Februarie 2012
Fokus op redding: Evangelisasie projekte
Die Lukas 10 Transformasie (L-10-T) Bediening (www.jwipn.com) rus alle gelowiges in gemeentes, in skole en werkplekke toe om werkers in die oes te wees, volgens die opdrag in Lukas 10:1-9, oraloor, elke dag. Met L-10-T kan elke gelowige van ouer as 3 jaar, 'n werker in die oes in hulle eie gemeenskap wees! Bid vandag dat die Here wêreldwyd die werkers in die oes sal uitstuur (Luk.10:2). Oorweeg dit om 'n L-10-T-kursus by jou kerk aan te bied of vra die Here of jy moet aansluit by bestaande werkers in die oes, sodat baie meer siele Jesus Christus kan leer ken. (Webruimte: www.jwipn.com, e-pos: wjoubert@icon.co.za of infowits@jwipn.com).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Gawes**: Vra die Here om die gawes in jou kerk te openbaar, sodat die werk van Die Koninkryk gedoen kan word.

One Day in the Gap: Onthou om vir 'n spesifieke dag te registreer wanneer jy in die bres gaan staan vir die volk van Suid-Afrika. Registreer by pray@jwipn.com of tel.: 012 365 3213.

Dinsdag 21 Februarie 2012

Verantwoordbare Intersessie: Die krag van gehoorsaamheid
Hy wat My gestuur het, is by My. Hy het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hy wil (Joh.8:29). Hierdie woorde van Jesus is nie net om ons van Sy lewe met die Vader te vertel nie, dit sê ook wat die wet van gemeenskap met God behels - wees eenvoudig net gehoorsaam. Hy het met Sy laaste woorde daarop aangedring. In Johannes 14 sê Hy drie maal: as jy my liefhet, sal jy my gebooie bewaar. Omdat ek, deur die Heilige Gees, die liefde van die Here in my hart het, kan ek gehoorsaam wees – ek bewys my liefde vir die Here deur te doen wat Hy van my verlang of te doen wat Hy my vra om te doen. Gehoorsaamheid kom uit liefde en lei tot liefde. Saam met die gehoorsaamheid kom ook 'n dieper en voller ervaring van die Here se liefde en inwoning. Terselfdertyd kry ons ook die versekering dat dit wat ons vra aan ons gegee sal word. Vir die blywende vreugde van die heilige teenwoordigheid, is eenvoudige, volle gehoorsaamheid nodig. Die belofte van die nuwe verbond sê duidelik: Ek sal My wet in hulle harte skryf...dat hulle nie van my afvallig sal word nie... (Jer.31:33). Gehoorsaamheid aan die Here, is nie net om te doen soos die Heilige Gees daagliks aan ons voorskryf nie. Dit is ook om te doen wat Christus vir sy dissipels gesê het om te doen. Weet jy wat Hy van hulle verwag het? Kyk 'n bietjie na van die dinge wat Christus uitdruklik aan Sy dissipels gesê het. Bestudeer vyf van hierdie opdragte en vra die Heilige Gees om jou te wys hoe om toenemend gehoorsaam te wees aan die gebooie van Christus. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Fokus op Moslems in Nederland
Dank die Here vir die baie Moslems in hierdie land wat die Here Jesus aangeneem het. Bid vir hulle geestelike groei, sodat hulle nie, soos baie reeds het, weer sal terugval nie. Die Woord word wyd gesaai. Bid asseblief dat die saad van die evangelie vrugte sal dra – ook in die media – deur die werking van die Heilige Gees. Bid spesifiek vir die kerk in Nederland sodat hulle sal verstaan hoe om die Boodskap effektief aan die Moslems in Nederland oor te dra. Bid vir beskerming, genesing en herstel van sendelinge van die evangelie in hierdie land, sodat die werk kan voortgaan en die naam van Christus verheerlik sal word. (E-pos: Marikarentier@solcon.nl).

Woensdag 22 Februarie 2012
Verantwoordbare Intersessie: Die krag van intersessie
Ons sal dan al ons aandag aan gebed en die bediening van die woord bly gee (Hand.6:4). Baie meer belangrik en essensieel as enige diens wat ons sendings kan bied, is om te help om die bomenslike energie van gebed vry te stel. Deurdat ware intersessors, van alle lande in hierdie heilige bediening verenig, help ons om 'n nuwe era van oorvloedige tekens en wonders in te lei, 'n kenmerk van die werk van die lewende Christus. Ons moet onthou dat dit nie ons is wat die werk doen nie, maar die Here self en Hy werk volgens Sy wil en doel wanneer ons Hom vra. Waarvoor vra julle wanneer julle in 'n groepie saambid? Bid julle hoofsaaklik vir behoeftes? Of vra julle ook vir dit wat die Woord van God sê Hy graag in Sy volk op aarde wil sien? Bestudeer die dinge wat Christus oor die nasies sê en begin doelbewus daarvoor bid. Jy sal verbaas wees oor hoe jou gebedslewe mettertyd verander! (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Fokus op die stigting van 24-7 Huise van Gebed
Bid by name vir die Here se seën op groeiende gebedswagte en dat hulle stewig gevestig sal word: Act-Up Prayer Watch vir dwelmverslaafdes (Kontak: Leah & Herman, e-pos: editor@actup.co.za, sel.: 082 718 1176) en in Henneman, (Kontak: Hantie, e-pos: mhop@telkomsa.net, sel.: 082 465 2468). Bid dat gelowiges self die verantwoordelikheid in gebed sal neem en nie altyd sal wag vir ander om vir hulle te bid of te help nie. Dat hulle self sal glo en ander begin onderrig.

Donderdag 23 Februarie 2012
Verantwoordbare Intersessie: Mag van tyd

My tye is in u hand; red my uit die hand van my vyande en van my vervolgers (Ps.31:16). Hoeveel is daar van God se diensknegte wat bereid is om hulle lewens te gee in Sy diens, maar ook erken dat hulle geestelike lewe as sendelinge maar flou en die resultate van sendingwerk, in die geheel beskou, baie onbevredigend is. Wat is die rede vir hierdie tragiese waarheid? Dit is omdat daar te min tyd alleen met die Here spandeer word. Tyd alleen met God sal inderdaad Sy krag beskikbaar stel. Met Sy krag tot ons beskikking, sal dit moontlik wees om al hulle tyd in gemeenskap met Hom, in Sy blywende teenwoordigheid, die hele dag lank deur te bring. Vind jy dat te veel werk of 'n té groot ywer vir die werk, jou geestelike doeltreffendheid belemmer? Verstaan tog dat as jy net jou tydrooster aan die gesag van Christus en Sy Heilige Gees oorhandig, jy 'n nuwe lewe sal vind. Dink na oor die vrug van jou hande. Vertrou vandag weer eens jou tyd aan die Here toe. Vra Hom om jou tyd te neem en dit vir Sy koninkryk te vermenigvuldig en aan te wend volgens Sy wil en vir Sy doelstellings. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Geografies**: Moenie net vir persoonlike behoeftes bid nie. Kry inligting oor sake in skole in die omgewing, huise en kerke en bid vir deurbrake in jou gemeenskap. Hoor tog, Here my God, die gebed van u dienaar, hoor sy smeking, luister na die hulpgeroep, die gebed wat u dienaar tot U rig (2 Kron.6:19). Hou hierdie tempel dag en nag onder u sorg, die plek waarvan U gesê het dat U u Naam daar wil vestig, sodat U die gebed kan hoor wat 'n dienaar van U na hierdie plek toe bid (2 Kron.6:20). Hoor tog die smeekbedes van u dienaar en u volk Israel wat hulle na hierdie plek toe bid, hoor dit tog uit u hemelse woonplek, en wanneer U dit hoor, vergewe tog! (2 Kron.6:21).

Vrydag 24 Februarie 2012
Fokus op werkskepping
Die formele ekonomie het meer as 1,5 miljoen addisionele werkers tussen 2003 en 2011 geabsorbeer. Die grootste groei het plaasgevind in die boubedryf waar die getal werkers met 7% gegroei het. (Fact a Day. Webruimte: http://www.eighty20.co.za of e-pos: info@eighty20.co.za of: fact.a.day@eighty20.co.za). Dank die Here vir hierdie verandering. Hou asseblief aan met bid vir nuwe werkgeleenthede op alle terreine van die samelewing. Vra ook dat die wat werk het, hulle take getrou sal uitvoer en dit met integriteit sal doen.

Pray 52: Week 26: Indonesië / Ivoorkus (24 Feb - 1 Mrt. 2012)
Bid vir die redding van individue in hierdie lande. Vra ons Vader om deur Sy Heilige Gees die evangelie van die Here Jesus Christus aan individue deur drome, visioene en samekomste te openbaar. Vra ook dat inheemse gelowiges in hulle eie land sendelinge sal word. Bid dat die kerk in Indonesië en die Ivoorkus spesiale gebedstye sal reël vir die kerk, hulle land en hulle volk. (Kontak: pray52@supermail.co.za / inligting is ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi. Vir spesifieke inligting oor gebed vir hierdie lande, besoek: www.operationworld.org).

Saterdag 25 Februarie 2012
Fokus op Japan
'n Mens kan nie vandag aan Japan dink sonder om die aardbewing en tsunami van 11 Maart 2011 te onthou nie. Hierdie ramp het nuwe geleenthede en uitdagings vir evangelisasie vir die kerk geskep. Ons moet bid dat die Japanese deur hierdie ramp gelei word om na die enigste ware uitkoms te soek, by Jesus Christus alleen. Wat vreemd is, is dat die Japannese wat in die evangelie begin belang stel het nou terug gekeer na hulle ou tradisionele wortels vir troos, dit wat hulle meen vroeër troos kon gee. Ons gebed moet dus wees dat die kerk die evangelie so sal uitleef en aanbied dat die teenwoordgheid van God duidelik gesien sal word. Dit moet veral duideliker word in Christene se diensbaarheid. (Theo & Marlene Badenhorst. Tel.: 021 591 1393, sel.: 072 924 8424. E-pos: theomarlene@gmail.com).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Vergewe**: Vader as U kerk in SA is ons daaraan skuldig dat ons mekaar nie vergewe soos wat U ons vergewe wanneer iemand iets teen ons sê nie. Ons sit dikwels mense af, koester 'n wrok of gee voor dat ons verhouding met iemand reg is, terwyl ons 'n wrok in ons hart ronddra. Vergewe ons Here, leer ons om werklik te verstaan hoe U ons vergewe het, sodat ons ander kan vergewe. (Kol.3:13).

Sondag 26 Februarie
Herlewingsfokus: Wat moet ek bid? Vir God se Heilige Gees op die Jode
Maar oor die koningshuis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem bring Ek 'n gees van welwillendheid en van berou: hulle sal na hom kyk vir wie hulle doodgesteek het en hulle sal oor hom treur soos 'n mens treur oor 'n enigste kind, hulle sal oor hom huil soos 'n mens oor 'n oudste seun huil (Sag.12:10). *Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word* (Rom.10:1). Bid vir die Jode. Hulle terugkeer na die God van hulle vaders is, op 'n wyse wat vir ons onbegryplik is, verbonde aan ons wonderlike seën vir die kerk en aan die wederkoms van die Here Jesus. Dink aan iemand wat jy ken wat van Israel afkomstig of 'n Jood is. Wil jy nie oorweeg om gereeld vir een van daardie mense te begin bid vir 'n persoonlike openbaring van die liefde van Jesus Christus nie? Bid ook vir Israel en die werk wat onder die mense daar gedoen word. En bid ook: Amen, ja kom, Here Jesus! (Verwerk uit *Gesprek met God* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: Om Christus ontwil: Vader, ons doen afbreuk aan U beeld in die verlore wêreld rondom ons. Ons gebrek aan heiligheid en ons onvermoë om sonde te hanteer, het ons die spot en minagting van die wêreld op die hals gehaal. Stort die krag van U Heilige Gees in die kerk uit sodat die kerk reg en geregtigheid in die land sal uitleef en 'n lewegewende invloed sal wees. Ter wille van Jesus en Sy liefde vir die kerk, skenk U volk 'n herlewing. (Hand.20:28).

Maandag 27 Februarie 2012
Fokus op redding: Vrywilligers
Daar word dikwels baie noodlenigingswerk onder die vaandel van Christelike organisasies gedoen. Dit is nietemin skokkend dat Christene wat hulp verleen, dikwels nie een woord oor Christus praat met diegene met wie hulle saamwerk nie! Bid asseblief vir die Heilige Gees om die harte van Christelike werkers regoor die wêreld aan te raak sodat hulle met erns en vrymoedigheid oor die liefde van Christus sal praat met die wat behoefte het aan ewigdurende "hulp".

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Eerste liefde**: Here Jesus, maak dit vir die gelowiges van die kerk in Suid-Afrika moontlik om na U, ons eerste liefde, terug te keer. (Op.2:4).

One Day in the Gap: Onthou om vir 'n spesifieke dag te registreer wanneer jy in die bres gaan staan vir die volk van Suid-Afrika. Registreer by pray@jwipn.com of tel.: 012 365 3213.

Dinsdag 28 Februarie 2012
Verantwoordbare Intersessie: Christus, die nabyheid van God
Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Was julle hande, sondaars, en reinig julle harte, huigelaars (Jak.4:8). Daar word beweer dat die Here se heiligheid 'n kombinasie van Sy oneindige nabyheid en Sy verlossende genade is. Geloof moet nooit probeer om die nabyheid en die afstand bymekaar uit te bring nie. In Christus het God nader gekom, baie naby aan die mens – en daaruit die opdrag: Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Dit beteken dat ons aan die begin van elke dag onsself aan Hom moet oorgee, sodat Sy heilige teenwoordigheid op ons kan rus. Dit beteken 'n vrywillige, berekende en heelhartige wegdraai van die wêreld sodat ons op die Here kan wag en Hy Homself aan ons siel bekend kan maak. Dit beteken dat ons tyd maak en ons hele hart en al ons krag gee om Hom toe te laat om Homself te openbaar. Dan ontvang ons die stille versekering van geloof, selfs al is daar nie

veel emosie of ‘n ervaring van Sy teenwoordigheid nie. Dink weer na oor die tyd wat jy met die Here spandeer – dit is die tyd wat jy elke dag aan Hom, in Sy teenwoordigheid, toewy sodat Hy die res van die dag by jou sal wees. Daar is nie kort paadjies nie. Staan tyd alleen saam met die Here af. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Woensdag 29 Februarie 2012

Verantwoordbare Intersessie: ‘n Lewe gelykstaande aan dié van Jesus Christus

Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was (Fil.2:5). Omdat Christus uit God is, het Hy Homself ontledig en was Hy, tot Sy dood aan die kruis, gehoorsaam. Selfontlediging en selfopoffering, gehoorsaamheid aan God se wil en liefde vir mense – dit is die karaktereienskappe wat ons moet navolg. Dit is nie onmoontlik nie want, dit wat vir die mens onmoontlik is, is by God moontlik. Ons word geroep om ons eie heil met vrees en bewing uit te werk, sodat hierdie karaktereienskappe van Christus deel van ons kan word. Kyk na jou lewe wat jy voor mense leef. Wat het hulle oor jou te sê? Is daar tye wat jy jou reg inboet? Tye wat jy dinge vir ander doen ten koste van jouself (nie net geldelik nie)? Is daar tye dat jy bly by dit wat jy glo, selfs al verskil die ander se keuses van joune? As iemand gebed nodig het, kom hulle eerste na jou toe? Vra die Heilige Gees om jou te lei om die beeld van Jesus in jou gesin, by die werk/skool, elke dag uit te leef. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur dr. Andrew Murray).

Fokus op die stigting van 24-7 Huise van Gebed

Bid by name vir die Here se seën op groeiende gebedswagte sodat hulle stewig gevestig sal word: City Watch in Kwa-Mahlanga. (Kontak: Solomon, e- pos: solomon@jwipn.com, sel.: 083 504 4145) en in Pretoria-Noord, (Kontak: Francois, e-pos: francois.pta@telkomsa.net, sel.: 082 683 5407). Bid vir eenheid onder Christene en dat hulle op ‘n gereelde basis sal begin saam bid. Bid dat alle agterdog onder Christene uitgeroei sal word en dat daar ‘n toenemende behoefte onder gelowiges sal wees om saam te bid.